Die Ma' s op die Perron

My diensplig jare lê nou al meer as 30 jaar in die verskiet. Baie dae is ek net verstom as ek kyk na al die Facebook groepe, die sosiale klubs en toere na ou slagvelde wat alles gebou is op die feit dat my tydsgenote – plus so 30 jaar - op een of ander stadium in die weermag was – diensplig gedoen het. Die ding het seker maar met die MOTH klubs begin, en het seker maar daarvandaan uitgebrei.

Dis nou maar eenmaal 'n deel van 'n Afrikaner man se psige, en ons *Army* stories het oor die jare tallose vroue, meisies en vriendinne al tot Jannie-verjaar rooi koeldrank gedryf. Ek verstaan dit. Stories van my ex' e en vriendinne en dergelike oor kantoor politiek en die probeme met die kinders laat my ook heeltemaal koud. Die beginsel is – in alle redelikheid - seker nie te ver uitmekaar nie – albei het iets intens ervaar, en wil daarvan vertel.

Ek het so heel perongeluk in so paar van die groepe van oud soldate beland. Op Facebook is daar so groep ouens wie hul kiekies en stories deel. Dis altyd opvallend hoe gou ek na die detail kyk – watter eenheid, waar, en wat is die roepseine op die gevegsvoertuie, ensovoorts. Kyk of ek 'n gesig erken, of 'n basis of dalk 'n eenheid kenteken. Iets wat weer daai gevoel wat mens kry as jy aan iets besonders behoort, sal aanwakker. Dis altyd so lekker om weer te onthou. Iemand of 'n plek te erken.

Op 'n nie-tegnologiese kant, het ek ook per abuis in 'n groep vir die gemeganiseerde eenhede beland. Ek het my diensplig in 1 SAI in Bloemfontein begin – en ons ry-ding was die Ratels. Ek het na 2 jaar weer in 1 SAI klaar gemaak, nadat ek in 11 eenhede was tydens my diensplig jare. So alhoewel ek nie my hele diensplig 'n ras-egte *mech-mackie* was nie, was die gemeganiseerde gedeelte in die Ratels daar aan die begin, so stukkie in die middel, en weer aan die einde.

Ek en my maat Frank het eintlik – soos ek gesê het – heel perongeluk deel van die groep geword. 'n Pel van Frank het hom gebel en vertel dat 'n groot groep oud

soldate op pad deur Namibië is om van die slagvelde in Angola te besoek. Hulle sou een aand in Windhoek oorslaap.

Frank – die gasvryste ou wat ek ooit ontmoet het, het hulle gebel en aangebied dat ons vir hulle 'n braai sou aanbied as hulle hier aankom. Hulle het heel skugter en effe onseker aanvaar. (Jehowa getuies of polis verkoopsmanne?)Toe Frank my bel en meedeel dat ons 'n braai vir die manne gaan aanbied, - so 20 stuks – op so-en-so aand, is die wiele aan die rol gesit. Frank KAN goed organiseer.

Ons het tente en tafels en stoele gaan huur, en het een van ons tegnologiese wonderkind pelle (hy was selwers 10 jaar in die weermag, maar is nie heeltemaal seker oor sy rang of eenheid nie. Brink sê hulle het lang ore vir husse gebou) gaan kry om die satteliet verbinding op Frank se plaas reg te kry dat die manne die rugby kon kyk. Frank het 2 slaggoed en dergelike ander eet goedjies laat voorberei, en ons het genoeg Tafel Lager gekry om die Titanic weer te laat dryf. Suidwes bier.

Daai aand kuier ons ons toe in lewenslange vriendskappe in. En in die jare wat op daai fuinksie gevolg het, het Frank se plaas deel van die toer – en die attraksie – geword. As die manne in Windhoek kom oorslaap, word daar eers een aand op Frank se berg GEBRAAI. Suidwes styl. Dis anders as elders op die planet – ek weet.

Die ander groot lekkerte van die kuiers, is die feit dat kokke en konstabels met die kolonels kan praat, en omgekeerd. Daar's geen rang of "*pecking order*" nie. Ons is almal 'n klomp vrinne op gelyke voet, met ons herinneringe van ons dae in uniform as gemene deler. Natuurlik was party baie langer daar, en meer senior as meeste van ons diensplig donkies. Maar dit maak nie saak nie, en – noudat ek daaraan dink – kan mens op soveel goed antwoorde kry waaroor mens andersinds maar net kon wonder, omdat ons nou as vriende om 'n vuur kan staan en gesels.

'n Ander aspek wat ek vreeslik geniet, (Namibië is in daai opsig *baie* anders as Suid Afrika) is die manier hoe eertydse vyande nou elk met 'n bier in die hand

om 'n geselsvuurtjie kan staan en grappies maak. Ons nooi elke jaar van die ou SWAPO en PLAN soldate uit om te kom saam braai. Die uitnodigings word gul aanvaar, en die kuiers is altyd tot LAAT in die nag. Hier in Suidwes is die oorlog VERBY – ook in ons gemoedere – en die ou soldate van weerskante staan en stories en idees en perspektiewe uitdeel. Van die manne wie kom saam braai is al generaals in die Namibiese weermag.

Die ander aspek van die spesifieke groep wat my altyd opval, is die menslikheid van die manne. Die groep bestaan uit alle soorte, en manne uit alle denkbare agtergronde. Van Recces tot Tiffies. Van Konstabels tot Kolonels. Van troepe tot Leër bevelvoerders – en alles tussen in. Hier is die geleentheid om 'n Veggroep bevelvoerder te vra hoekom hy op so-en-so dag so-en-so besluit het. En jy kan sy eerlike antwoord hoor – dat hy soms ook nie geweet het wat om te doen nie!

Baie keer het die Suid Afrikaners se legendariese koppigheid ons uit situasies gered wat andersyds katastrofies sou wees. Hier hoor jy dan – na 25 jaar dat die ou ook 'n mens is, dat hy ook twyfel, en net nie seker was wat om te doen nie, maar dat hy IETS moes doen, omdat stil sit en ween nie een van die opsies was wat sou verseker dat ons weer die "States" sou sien nie. In elk geval nie sonder 'n *Pinebox* en "*body bag*" nie.

Dit werk anders om ook. Hier luister kompanie en bataljon bevelvoerders met opregte belangstelling na drywers en tiffies en dergelike, en word gereeld verbaas oor van die goed wat die ouens aangevang het, en hoe innoverend hulle soms geraak het. Stories en staaltjies wat - toe die rook gedraai het, nie by hulle uitgekom het nie.

Die ander dinamika wat ek so geniet van hierdie spesifieke groep, is dat die stories en staaltjies nie net *gung-ho* is nie. Trouens, veral omdat eertydse vyande saam kuier, is baie min van die geselsies oor die skerp kant van die veldslae en skermutselings. Ek wil my verstout om te sê dat dit baie gebeur dat die humor

eerder seevier as die hartseer. Ja, soms kom gesneuwelde kamerade en die gebeure ter sprake. En dan kry ons almal weer daai seer knop in die keel. En dan staar baie manne in die vlamme en maak vir so sluk of twee nie oogkontak nie. Maar dis die uitsondering – meestal vier ons die feit dat ons LEWE, en dat die oorlog verby is. En aan die einde van so aand se saam kuier, het 'n ou oorwegend meer gelag as gegrens.

Ek het altyd gewonder of net ek dit so ervaar. Ek het baie gewonder of die ander ouens ook deernis het vir die mense wie agter die skerms swaar en seer gekry het – omdat ons kinders moes gaan oorlog maak. Nodeloos om te sê – jy kan jou hart tot op 'n punt op jou mou ronddra, maar aangesien hierdie 'n groep ou soldate is, en nie 'n AA-meeting nie (alhoewel daar soms – toegegee – meriete vir so opvolg vergadering sal wees) het ek my gedagtes maar altyd vir myself gehou. Tot een aand.

'n Deel van my weermag toe gaan wat altyd duidelik in my gemoed brand, is die geestesbeelde van my ma en pa toe hulle ons op Mosselbaai se stasie gaan aflaai het. My ma het haar beste rok aangehad – so mooi helder blou rok met wit blomme op. My pa het sy beste sportbaadjie en netjiese langbroek aangehad. Hy het die kar die vorige dag mooi laat was vir die trippie.

Die rit Mosselbaai toe was ongemaklik. Ons almal – veral my ma – wou ligte praatjies maak. Pa was net stil, en het gekonsentreer om te bestuur. Dit was vir jare sy terapie. Alles wat ons in die kar vir mekaar gesê het, was so effe oordrewe. "Jy moet asseblief skryf." "Natuurlik, ma." "Sal jy jou adres vir ons deur bel as jy daar kom?" "Ja, ma." "Het jy kleingeld vir die tiekieboks?" "Ja, dankie ma." "Het jy genoeg padkos vir die trein?" Op alles het ek "Ja, dankie ma" geantwoord. Want ons het dit in die twee weke voor my weggaan, seker 'n honderd keer deurgegaan.

Op die stasie het twee goed opgeval: Army ouens in uniform wat die nuwe "Rowers" probeer beïndruk met hul voorkoms, sê goed en kollektiewe pogings om Rambo soos 'n rot te laat lyk, ....en die Ma's op die perron.

Die ouers op die perron het sonder uitsondering deur dieselfde kollektiewe hel gegaan. Enige ouer dra swaar aan die wete dat jy jou kind na die onbekende, en evensueel dalk oorlog toe stuur. Die weermag het nie die nuus van gesneuwelde soldate uit die pers gehou nie. Niemand het illusies gehad van wat werklik op die grens aangaan nie. In alle hoërskole was die name van seuns gefluister – wie net laasjaar nog hier in matriek was. En wie se grafsteen nou een van die nuweres in die lokale begraafplaas is…

Die ma's het sonder uitsondering hulle beste rokke aangehad. Party het gehuil. Ander – wie al kinders gestuur het, het die nuwe ma's probeer moed inpraat. "*Dis net twee jaar – dit gaan gou verby*." Leë woorde, maar soos by 'n begrafnis, sê jy die goed maar omdat jy nie juis weet wat anders om te doen nie.

Party pa's het strak gelyk. Ander het probeer braaf lyk. Ander het ongeërg probeer lyk – ek vermoed meer omdat hul vrouens se trane, en die gewig van wat hulle doen, net te veel was om die ware omvang van te erken. Een ooglopende minder gegoede pa het vir sy seun 'n R5 noot gegee – een van daai groot pers note. Ek kon sien dit was vir beide van hulle 'n fortuin.

As iets regtig onsmaaklik voor my lê, wil ek dit net agter die rug kry. Ek kon nie wag vir die donnerse trein om net te ry nie. Ek kon die weermag ouens se geskree en ons aangluur hanteer. Ek kon die emosie en hartseer van al die ouers nie hanteer nie. Soveel so dat ek later, uit desperaatheid my ma en pa half kortaf gegroet het, en op die trein geklim het. En gebid het dat die donnerse ding net wil ry.

Uiteindelik het die fluitjie skirl deur die geraas gesny, die troepe trein deure is toegemaak, en die trein het teen 'n slakkepas begin ry. Ons het almal by die

vensters uitgehang, en gewaai – tot die perron, en ons families in die verte verdwyn het.

Daai gesig sien ek nog elke keer duidelik in my geestesoog – die ma’s op die perron. Wie sonder uitsondering wonder of hulle hul seuns weer sou sien. Die magteloosheid en die gevoel van verraad. En die diep hartseer wat net ‘n ouer kan voel wanneer jou seunskind by jou weggevat word - weg van jou kostafel, van jou huis, jou omgee, en die veilige omgewing wat jy vir hom probeer skep het.

Ek kon dit vir 25 jaar nooit met iemand bespreek nie. Toe my seuntjie gebore is, het ek baie nagte by hom gesit en geweet – ek het nie die krag om hom oorlog toe te stuur nie. Ek dink nie ek het dit in my nie. Nie in Afrika nie. Nie meer nie.

Toe, een aand baie laat sit ons weer saam met so toer groep om ‘n voet-vuurtjie op Frank se plaas, nadat die braaivleis en skerts en lag al verby was. Ek het langs my een bevelvoerder gesit. Dit was al vêr na middernag, en niemand in die groep het juis meer gesels nie. Almal – wie nog wakker was – het met ‘n lang dop in die hand in die vuur gesit en kyk. Elk met sy eie gedagtes. Party het seker weer ou pelle – lewend en dood – onthou. Ek vermoed ander het gedink aan al die goed wat ons opgeoffer het – onskuld, naiwiteit, verhoudings, geleenthede – alles goed waarop ‘n ou se weermag agtergrond op een of ander ongenooide manier sy tol kom eis het – lank nadat alles al oor was.

Die dop in my het begin praat. Oor die ma’s op die perronne van ons land. Na 25 jaar van bang wees ek klink soos ‘n moffie van Olimpiese standaard, het ek besluit – se gat. Ek het niemand juis gevra na hul mening nie – ek het net begin praat oor daai gedeelte wat my altyd so opgeval het. Oor die stil, onerkende helde agter die oorlog. Ook die ma’s wie skielik nie weer op ‘n perron gesien is nie – omdat sy haar kind moes gaan begrawe. Oor die generasies ma’s en pa’s wie sterk was op die peronne – terwyl hul harte stukkend geskeur was. Oor die *effort* wat hulle gemaak het om dalk vir ‘n laaste keer mooi te lyk vir hul kind. Oor die

lang, stil pad huis toe – met net die ligte reuk van ‘n kind se deodorant wat nog in die warm kar talm.

Toe ek klaar gepraat het, het niemand iets gesê nie. Ek het eers gedink ek het finaal my naam gat gemaak, en dat hierdie waarskynlik my laaste kuier saam met die ouens sou wees. Ek het eers vir niemand gekyk nie – ek was skielik vreeslik skaam. Toe ek uiteindelik opkyk, was daar geen skewe kyke, of snedige aanmerkings nie. Niemand om die vuur het vir mekaar gekyk nie. Niemand het kwaad of geïrriteerd gelyk nie.

Maar in die dowwe lig van die vuurtjie – sonder om te direk te kyk, kon ek sweer ek sien … hoe die trane loop.